

29 Mei

Skrifgedeelte: Esegïel 37:15-28

Fokusgedeelte: Esegïel 37:26-28

God bring 'n wonderlike toekoms

Vir die mense in ballingskap moes die woorde van ons fokusgedeelte 'n wonderlike boodskap gewees het. Terwyl hulle nog in ballingskap verkeer, verkondig God aan hulle 'n wonderlike toekoms. Die vyandskap tussen Juda en Israel gaan beëindig word. God sal hulle uit die ballingskap (na hulle eie land) laat terugkeer. Hulle sal weer een volk word met wie God weer sy verbond gaan sluit. Sy woonplek gaan weer by hulle wees. Hy sal weer hulle God wees en hulle sal weer sy volk wees. Dit is die wonderlike toekoms wat vir al God se kinders wag wanneer Hy altyd by ons sal wees en ons by Hom. Hierdie wonderlike toekoms vir God se kinders word alleen moontlik deur die werk van Jesus Christus. Hy het gesterf en het uit die dood opgestaan om God en mens te versoen. Daarna het Hy na die hemel opgevaar om daar vir sy kinders 'n plek voor te berei tot Hy weer kom om sy kinders na Hom te neem. Hemelvaart verkondig dus ook aan ons die wonderlike toekoms wat op God se kinders wag. Die tyd wat met hemelvaart begin, loop deur na die wederkoms wanneer ons Here Jesus weer na die aarde sal terugkeer; wanneer die eindoordeel en die ewige saligheid vir ons sal aanbreek; wanneer God se woonplek altyd by die mense sal wees (Op 20:3).

Sing: Skrifberyming 45:1

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)